# My gesin en familie



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

# Samestelling van 'n gesin

Jare gelede is 'n gesin gekenmerk deur 'n man en vrou wat wat saam met hul biologiese kinders woon. Hedendaagse gesinne kan egter nie meer so eng gedefinieer word nie, weens 'n groter verskeidenheid in die tipe gesinne wat voorkom. Tans kan baie van ons met die verskillende tipe gesinne identifiseer wat in Suid-Afrika gevind word.

Vir my kan die woord "gesin" as my hawe beskryf word waar ek veilig voel met mense rondom my wat my verstaan en op wie ek kan staatmaak. Hierdie is die mense met wie ek my probleme kan deel, saam kan lag en waar my gemoed verfris word.

Kan jy jou eie gesinsamestelling identifiseer?

**Kerngesin:** Dit word as 'n tipiese gesin beskryf. Hierdie gesin word deur 'n vader, moeder en hul kinders gevorm.

**Enkelouergesin:** Hierdie gesin bestaan uit slegs een ouer. Hierdie ouer is in beheer van die gesinseenheid en die kinders wat hy/sy grootmaak.

**Aannemingsgesin:** Die gesin word as ouers beskryf wat 'n kind/kinders aangeneem het. Alhoewel hulle nie die biologiese ouers is nie, speel hulle 'n groot rol in die kind/kinders se opvoeding.

**Gesin sonder kinders:** Ouers in hierdie gesin het nie afstammelinge van hul eie nie. Soms sukkel hierdie ouers met onvrugbaarheid wat dan lei tot die aanneming van 'n kind.

**Gesin van geskeide ouers:** Nadat daar 'n krisis in die ouers se verhouding was, het hulle geskei. Hulle het steeds die verantwoordelikheid om hul pligte as ouers na te kom. Anders as die enkelouergesin, dra beide die ouers die las van die grootmaak van die kind/kinders.

**Saamgestelde gesin:** Hierdie gesin word gevorm nadat 'n kerngesin met kinders verbrokkel het. Die saamgestelde gesin word gevorm

wanneer een of albei van die ouers weer in die huwelik tree en die kind/kinders dan stiefbroer of stiefsuster kan hê.

**Uitgebreide gesin:** So 'n gesin word gekenmerk deur verskillende familielede, byvoorbeeld grootouers, neefs, ensovoorts, wat in dieselfde huishouding woon. Almal in die gesin is betrokke by die opvoeding van die kinders.

**Kon jy met een van die bogenoemde gesinne identifiseer?**

Alhoewel daar baie tipe gesinne is, is die doel van 'n gesin om 'n plek van veiligheid en liefde te wees. Elke persoon wil deel van 'n unieke gesin wees.

Die grendeltydperk het ons almal onverwags gevang. Almal was en is steeds onseker van wat die toekoms inhou. Baie gesinne lei as gevolg van hierdie onsekerhede. Daar is talle broodwinners in gesinne wat nie net hul werk verloor het nie, maar wat alles verloor het waarvoor hulle gewerk het. Alle gesinne moes opofferings maak om te oorleef. Baie gesinsbande en verhoudings is in hierdie tydperk getoets. Baie gesinne het oorleef en die liefde en die belangrikheid van gesinsbande herontdek. Talle van ons het weer besef dat die gesin die belangrikste en waardevolste geskenk in die lewe is.

Vir my kan die woord "gesin" as my hawe beskryf word waar ek veilig voel met mense rondom my wat my verstaan en op wie ek kan staatmaak. Hierdie is die mense met wie ek my probleme kan deel, saam kan lag en waar my gemoed verfris word.

**EFESIËRS 4:32** "Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het. " Hier leer die Woord ons om as 'n gesin die Here saam te loof en te prys.

Fokus dié maand om meer tyd saam met jou gesin te spandeer. Waardeer die gesin wat die Here aan jou toe vertrou het.




# Die gesin en ouerskap

Ouerskap is een van die mees uitdagende, maar tog een van die mees vervullende "beroepe" wat mens hier op aarde kry. Hoe om 'n ouer te wees kom nie met 'n handleiding nie en daar is soveel teorieë soos wat daar kinders en ouers bestaan. Tog kan daar wel 'n paar basiese beginsels vir gesinne geïdentifiseer word. Geen gesin is perfek nie, maar 'n gesin moet wel 'n veilige hawe vir alle gesinslede skep. Die gesin is die anker van die groter gemeenskap en daarom moet gesinsverhoudings gekoester word.

**Die "weet" wat in 'n gesin moet wees**

Om goeie gesinsverhoudings te skep moet elke gesinslid die volgende in die gesin weet of beleef:

- **Behoort**

Die gesinslede moet die volgende weet: "Ek, met al my anderswees, uniekheid en vreemdhede, word aanvaar en ek kan net myself wees."

- **Veilige hawe**

'n Gevoel van "ek is veilig in my gesin". Ek word gekoester en hier word ek beskerm.

- **Geborgenheid**

My gesinslede gee vir my om. Daar bestaan nie 'n gevoel van elke man (of vrou) vir homself nie, maar 'n ware band bestaan tussen die gesinslede.

- **Kommunikasie**

Daar bestaan oop kanale waar gesinslede met mekaar kan gesels, al is dit soms moeilik en uitdagend. Hierdie gesinne skep geleenthede om te praat, al is hulle vies en kwaad vir mekaar. Hulle kan al die vies- en kwaadwees op die tafel neersit, daaroor gesels en in liefde weer voortgaan.

- **Liefde**

Al die bogenoemde eienskappe word in die woord "liefde" saamgevat. Daar bestaan ware, opregte liefde vir mekaar. Nie omdat die gesin perfek is nie, maar juis in die wete dat niemand perfek is nie. Die vrug van die Gees word in hierdie gesinne gelééf.




# Die rolle wat ouers binne die gesinsverband moet vervul

Ouers het 'n groot taak om nie net die beste ouer vir 'n kind te wees nie, maar vervul ook belangrike rolle in die gesin. Daar is veral vyf rolle wat ouers moet vervul om aan hul kinders 'n positiewe toekoms te bied. Die rolle kan as volg uiteengesit word:

- **Voorsiener**

Ouers is die voorsieners van basiese behoeftes aan hul kinders, soos voedsel, klere en 'n huis. Ouers is ook daar om toe te sien dat die kind die basiese opleiding ontvang. Verder moet die ouer aan die kind die nodige leiding en ondersteuning voorsien om optimaal as mens te ontwikkel. Indien die kind in die huis positiewe en opbouende insette ontvang, sal hierdie patroon as volwassene gevestig wees.

- **Ondersteuner**

Ouers moet dikwels minder beherende gedrag en meer ondersteunende gedrag ten opsigte van die kind se doen en late

openbaar. Deur 'n kind te veel te beheer, kan dit die kind se vermoë om later in sy lewe selfregulerende gedrag te toon, negatief beïnvloed. Moedig die kind aan en ondersteun die kind om te ontdek en te verken. Wees jou kind se grootste ondersteuner!

- **Rolmodel**

Die gesegde, "aardjie na sy vaartjie", het hier betrekking. Hoeveel keer sien ons nie dat kinders presies soos hul ouers optree en dink nie. Ouers moet om hierdie rede altyd daarna strewe om 'n positiewe rolmodel vir hul kinders wees. Kinders sien en hoor wat ouers doen en hulle boots hierdie gedrag na. Ouers se gedrag moet daarop gerig wees om hul kinders tot positiewe selfwaarde en selfrespek te lei.

- **Advokaat**

Kinders se noodkrete vir 'n gesonde en optimale lewe word dikwels nie gehoor of gesien nie. Ouers, die skool, gemeenskappe, regeringsorganisasies, die media en alle ander bedrywe moet hul verantwoordelikheid opneem om as advokate vir die kind op te tree.

- **Beskermer**

Ouers moet hul kinders op positiewe wyses beskerm, maar nie deur "polisie-beamptes" te word nie. Indien iemand byvoorbeeld stigmatiserende opmerkings teenoor die kind maak, moet die rol as beskermer na vore kom. Ouers moet hul kinders teen die toename in negatiewe mediadekking, viktimisering en stigmatisering en teen enige onnodige skuldgevoelens wat die kind kan ervaar, beskerm.

Die rol en invloed van ouers binne die gesinsverband moet nooit misgekyk of afgewater word nie, want dan verbrokkel gesinsverhoudings. Die rol van ouers moet altyd positief en opbouend wees om so aan ons kinders 'n vaste fondasie vir die lewe te gee.




# Gesinsdinamika

Die gesin word deur verskillende gesinslede met elk hul eie persoonlikheid, behoeftes, uniekheid en vreemdhede saamgestel. Dit beïnvloed die gesinsdinamika wat baie vreugde en ook uitdagings kan skep. Daar kan in ‘n ligter luim na vyf tipes gesinne verwys word. Waar pas jou gesin in?

- **Die sosiale vlinders**

Hierdie gesinne het genoegsame kennis van ‘n wye verskeidenheid aspekte en pas gemaklik by die meeste situasies aan. Lede van hierdie gesinne word dikwels as die sosiale vlinders gesien. Hierdie gesinslede kuier omdat dit so aangenaam en gesellig is. Die eienskap van hierdie gesin is dat hulle ‘n goeie kwaliteit lewe openbaar en ondersteunende familielede het. Die kinders neig om goeie selfvertroue te openbaar, alhoewel hulle nie geleer is om sekere beperkings te ontwikkel nie. Dit blyk dat hierdie ouers ‘n gesaghebbende tot ‘n permissiewe ouerskapstyl het.

- **Die eensame fanatici**

By hierdie gesinne kan daar dikwels disfunksionele familieverhouding bestaan. Een of albei van hierdie ouers is oorbesorg of oorbekommerd oor hul kinders. Die baie bewuste fanatikus-ouer kan baie beherend in die begeleiding van die kinders wees, of kan bitter oor die ander ouer se gemaklike houding en die kinders se disrespek teenoor sekere riglyne wees. Die ander ouer kan weer die bewuste fanatikus-ouer saboteer deur byvoorbeeld "verbode" eetgoed aan die kinders te gee of sekere reëls te verslap. Die ouers sal dan gewoonlik argumenteer en die kinders sal manipulerend en rebelse gedrag toon, terwyl hulle erge gedragssprobleme ontwikkel.

- **Die swartskaapgesin of -familielid**

'n Patroon wat dikwels in families voorkom, is die alleenkind of die gesin – die spreekwoordelike "swartskaap" – wat vir die familie se probleme verantwoordelik is. Hierdie kind/gesin toon ook dikwels gedragsprobleme. Die familie sal nie altyd so perfek wees nie en soveel eet, drink en feesvier soos hulle wil, maar die swartskaapkind/-gesin die heeltyd herinner om anders te doen of op te tree. Wanneer 'n kind die swartskaap is, is daar dikwels ander probleme en stres in die gesin wat misgekyk word, met onverdiende skuld op die kind gerig. Dikwels vorm hierdie kind die gom wat die ander broer/suster en die ouer se verhouding aanmekaar hou. Dit is duidelik dat al die verhoudings in die gesin disfunksioneel is, maar vir die ouer en die ander broer/suster is die swartskaap daar sodat hulle nader aan mekaar kan voel. Die swartskaapkind voel ook dikwels geïsoleerd van die res van die gesin. Die swartskaapkind leer dikwels om beheer oor sy uitdagende lewe te neem, maar het 'n buitengewone stryd om dit te bereik.

- **Die perfeksioniste**

Die perfeksionistiese gesin kan kinders dikwels ontmagtig laat voel, omdat alles wat hierdie kinders doen gekritiseer word en mee fout gevind word. Hierdie kinders kan niks doen wat goed

genoeg na die ouers se sin is nie. Die outoritêre ouerskapstyl kan moontlik aan hierdie ouer gekoppel word. Kinders raak afhanklik van lofprysings en kan aktiwiteit waarin hulle nie die beste is nie, begin vermy. Hierdie kinders kan sukkel om gevoelens van mislukking te hanteer wanneer hulle nie die mooiste, beste of maerste is nie. Hierdie kinders kyk ook krities na hulself en sien hulself as baie negatief, al is dit nie die geval nie. Hulle glo dikwels dat jy perfek moet wees om gelukkig te wees.

- **Die 3M-gesin: moeg, moedeloos en magteloos**

Hierdie gesinne word gekenmerk deur swak gesinsverhoudinge en baie ander maatskaplike probleme. Siekte, die dood van 'n familielid, egskeiding en enkelouerskap is dikwels oorweldigende probleme wat in hierdie gesinne voorkom. Dikwels het die ouers nie die tyd of energie om al die gesinsprobleme te hanteer nie en is ook nie sensitief vir hoe hierdie gesinsprobleme die kind beïnvloed nie. Hierdie kinders is ook dikwels alleen by die huis en spandeer baie tyd voor die TV of besig met sosiale media. Daar is verder min interaksie tussen die gesinslede. Die nalatige ouerskapstyl kan dikwels aan hierdie ouers gekoppel word. Daar word dikwels ook min grense vir hierdie kinders gestel. 'n Buitestaander, 'n onderwyser, 'n familielid of die maatskaplike werker kan hierdie kinders veral help om die nodige leiding en ondersteuning te ontvang.

Dit maak nie saak wat jou gesin se tipiese kenmerke is nie. Die belangrikste kenmerk is dat julle as gesin bly groei. Die negatiewe, moedelose en magtelose gevoelens moet hanteer en agtergelaat word, sodat julle in geloof, hoop en liefde positief as gesin kan groei.




## Ouerskapstyl

Daar bestaan 'n band tussen gesinslede wat voortdurend gekoester en gebou moet word. Hierdie band ontwikkel eerstens tussen die ouer en kind. Hierdie binding begin nie eers by die geboorte van die kind nie; dit begin reeds by konsepsie van die kind. Die moeder se gemoed en die omgewing waarbinne sy haarself bevind het 'n groot invloed op die baba in die baarmoeder. Die identifisering van die ouers se ouerskapstyl is belangrik. 'n Effektiewe ouerskapstyl is belangrik omdat dit die kind se bevoegdheid om sy wêreld effektief te hanteer, kan beïnvloed.

Die ouerskapstyl word grootliks deur die verskillende dimensies van gesinsfunksionering bepaal, naamlik: warmte en koestering, konsekwentheid, verwagtings en kommunikasie. Vanuit hierdie dimensies kom daar vier ouerskapstyle voor, naamlik: die outoritêre, permissiewe, onbetrokke of nalatige en gesaghebbende ouerskapstyle.

Wonder jy watter tipe ouerskapstyl jy of jou eggenoot het? Vul die volgende vraelys in en vind uit https://activeparenting.com/for-parents/parenting-quiz/

**Die vier ouerskapstyle kan as volg beskryf word:**

- **Outoritêre ouerskapstyl**

By hierdie styl is beheer en verwagtings hoë prioriteite, maar koestering en kommunikasie vanaf die volwassene verskyn laag op die prioriteitslys. Die ouers heg waarde aan beheer en onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Hierdie styl is op die oortuiging gebaseer dat ouers alles weet en dat kinders gesien en nie gehoor moet word nie. Outoritêre ouers verwag onmiddellike gehoorsaamheid en laat nie vrae of onderhandeling toe nie. Gevolge van hierdie styl is oor die algemeen negatief. Die kind is ongelukkig en angstig, toon hoë vlakke van woede en uittartingsgedrag, is geneig om afhanklik te wees en word deur uitdagende take oorweldig. Die kind het min beheer ten opsigte van sy eie besluite en voorkeure.

- **Permissiewe ouerskapstyl**

Die ouer is styl word sterk deur koestering gekenmerk, maar verwagtinge, beheer en kommunikasie met die kind is laag op die prioriteitslys. Ouers is gewoonlik warm en toon aanvaarding, maar in plaas van gebalanseerde betrokkenheid, is hulle geneig om oortoegeeflik en onoplettend te wees. Hul toon min beheer oor die kind se gedrag. Gevolge hiervan is dat die kind impulsief, ongehoorsaam en opstandig voorkom. Die kind is oormatig veeleisend en afhanklik van volwassenes en toon minder volharding in take. Hierdie kinders toon min gesag vir reëls, wat baie negatiewe gevolge vir hulle inhou.

- **Gesaghebbende ouerskapstyl**

Hierdie ouerskapstyl is sterk in al vier dimensies. Die ouer toon vertroue in sy vermoë om die kind te lei, maar respekteer ook die kind se onafhanklike besluitneming, belangstellings, opinies en persoonlikhede. Die ouer is liefdevol en toon aanvaarding, maar verwag goeie gedrag en is streng in die handhawing van standaarde. Daar word gesprek tussen die kind en ouer toegelaat, ouers verduidelik hul redes vir beperkings, asook die gevolge as

kinders ongehoorsaam is. Straf word beperk en oordeelkundig aangewend. Hierdie styl het positiewe gevolge vir die kind, naamlik positiewe gesindheid, selfbeheer, taakvolharding, samewerking, sosiale en morele volwassenheid en gunstige skoolprestasies.

- **Onbetrokke of nalatige ouerskapstyl**

Die onbetrokke ouer se telling is laag in al vier die dimensies van warmte en koestering, konsekwentheid, verwagtings en kommunikasie. Hierdie gedrag van die ouer is dikwels as gevolg van hul eie oorweldigende probleme of omdat ander aktiwiteite meer aantreklik gevind word. Hul het min tyd vir die kind en die eise wat met ouerskap gepaard gaan. In die uiterste vorm word die kind mishandel of verwaarloos. Hierdie ouer moet baie leiding ontvang en in die uiterste gevalle moet die kind verwyder word.

In die Bybel word daar in 1 Samuel 2 na Eli as 'n onbetrokke ouer verwys. Eli het nie behoorlik tyd aan sy seuns spandeer nie. Hy het hulle nie voldoende geleer en gedissiplineer nie. Sy lewe was op ander dinge, wat hy as belangriker geag het, gerig. Die gevolge hiervan was dat Eli sy twee seuns en sy eie lewe verloor het.